Tankwa Karoo : 5 - 6 September 2009 – J Snyman

Agtergrond
Die Tankwa Karoo Nasionale Park is ongeveer 111 000 hektaar in grootte en word begrens deur die Cederberg aan die westekant, die Klein Roggeveld Bergreeks aan die suidekant en die Roggeveld Eskarp aan die oostekant. Dit is ‘n gebied met reuse oop ruimtes, baie interessante “goedjies”, soos plante, insekte, reptiele, goggas ens, die mooiste sterre wat snags sigbaar is, en so kan daar voortgegaan word om bogenoemde lys te verleng. Die paaie soontoe en terug, asook die paaie binne die Park is berug daarvoor dat hulle swaar op voertuie se bande kan wees en dan is daar ook ‘n paar paadjies binne die Park wat net met ‘n 4x4 voertuig begaanbaar is. Die mense van Parkeraad doen baie moeite om die paaie in stand te hou en erosie te beheer en daarom is geen van die paaie, of roetes, moeilik om te ry nie.

Deelnemers
Ons was weereens ‘n baie lekker groep mense, en die deelnemers het as volg daaruit gesien :

Francois, Danie en Johanna Conradie in ‘n Land Rover Defender
Hannes en Riette Lombard in ‘n Ford Ranger
Johan en Suzaan Brits in ‘n Toyota Hilux
Joubert en Hannelie Swanepoel in ‘n Land Rover Discovery
Mario, Connie en Lisa Fourie in ‘n Isuzu
Martin en Katrina Muller in ‘n Toyota Hilux
Adri en ek in ons Land Rover Defender

Dag 1 : Saterdag 5 September 2009
Ons het die oggend om 7h00 in Wellington bymekaar gekom en nadat ons die konvooireëlings uitgesorteer het, het ons in die pad geval.

Ons het van Wellington af oor Bainskloofpas en Mitchell’s Pas na Ceres gery waar ons gou ‘n vinnige stop gemaak het voor ons oor die Theronsbergpas na die R355 gery het. Orals langs die R355 is daar getuienis dat die pad bande “vreet”. Ons het ‘n teetyd stop langs die pad gemaak waartydens ons ook ons voertuie se bande sagter gemaak het voor ons verder noord gery het. Ons het so ‘n kort ompad na die Oudebaaskraal dam gevolg en dit is absoluut ongelooflik om so ‘n groot dam water in die middel van hierdie dorre wêreld aan te tref. Ons het omtrent 5 ure na ons uit Wellington weg is by die Park se kantore gestop en na ons die nodige papierwerk afgehandel het het ons begin uitkyk vir ‘n geskikte plek om middagete te geniet.

© J Snyman

Na ete het ons die pad na Varschfontein gevolg vanwaar ons met ‘n roete wat al op die maanhaar van die Leeuberg langs loop gery het. Die paadjie loop op etlike plekke direk teen klein spits koppies op en as jy naby die kruin daarvan kom raak die paadjie net eenvoudig weg en sien jy net blou lug reg rondom jou. Die uitsigte van daar bo is onbeskryflik mooi.

© J Snyman

Van daar het ons ons weg gebaan na ons oornagplek by Elandsberg. Daar is ‘n ou murasie en die oorblyfsels van ‘n ou skaapkraal met klipmure te sien by die kampplek wat geen geriewe het nie.

Die dag was deurgaans heerlik warm, maar toe die son sak het die temperatuur ook heelwat gedaal. Die jakkalse het in ‘n koor begin sing net na dit donker geword het en ons het sommer lekker rondom die braaivleisvuur gekuier. Daar was ‘n paar wolke in die lug wat die volmaan gedeeltelik verberg het. Ek was seker die laaste persoon wat die aand

© J Snyman

gaan slaap het nadat ek lank na die naggeluide en die geroep van ‘n ooruil vanaf die nabygeleë klipkoppie geluister het.

Die totale afstand vir dag was 385km waarvan 144km op teer- en 241km op grondpaaie was.

Dag 2 : Sondag 6 September 2009
Na ‘n rustige nag het ons net so rustig wakker geword met die geroep van voëls rondom ons. Ons het maar traag opgepak.... Die plan was om die Tankwa Eco 4x4 roete te ry en ons het na die noordelike beginpunt van die roete gery om dit in ‘n suidelike rigting te volg. Ons was al ‘n hele entjie op die roete toe die plaasvoorman by ons aankom en ons meedeel dat die roete vorentoe gesluit was. Ons het omgedraai en die roete van die suidelike beginpunt tot bo-op die Elandsberg gery van waar ons eers die uitsig bewonder het voordat ons begin aanstaltes maak het om huiswaarts te keer. Ons het middagete langs ‘n droë rivierloop in die Park geniet en Hannes het ‘n rukkie daarna ‘n linker agterband op sy voertuig afgeskryf.

© J Snyman

Na ons uit die Park gekom het, het ons die roete oor Peerboomskloof en Katbakkies pas na Op-die-Berg gevolg en heelwat pragtige blomme daar teëgekom. Toe is ons oor die Gydopas na Prince Afred Hamlet en Ceres waar ons die voertuie se bande harder gepomp het. Daar sien ons toe dat die regter agterwiel op Joubert se voertuig ook ‘n lekplek het. Van Ceres af is ons weer deur Mitchell’s Pas en oor Bainskloof tot in Wellington, waar ons van mekaar afskeid geneem het en elkeen sy eie rigting ingeslaan het.

Die totale afstand vir dag was 386km waarvan 172km op teer- en 214km op grondpaaie was.

Ter afsluiting

Hierdie was weereens ‘n besonderse naweek wat hopelik vir lank deur die deelnemers onthou sal word. Ons het wonderlike weer gehad en geen teëspoed met die voertuie, behalwe die 2 papwiele, gehad nie.

© J Snyman